MEMORANDUM

No. 10 van 2006: Onaktiewe groepe

1. Die volgende prosedure word gevolg vir die besluit van die status van ‘n Staatmakergroep as aktief of onaktief:
   1.1. ‘n Persoon of bestuursliggaam moet ‘n voorstel vir die verklaring van ‘n Staatmakergroep as ‘onaktief’ aan die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers voorlê. Redes moet die voorstel vergesel.
   1.2. Die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers vaardig een of meer lede van die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers af om die saak te ondersoek.
   1.3. Die afgevaardigde moet binne 14 dae aan die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers terug rapporteer.
   1.4. Die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers oorweeg alle redes aangevoer en die bevindinge van die ondersoek en neem ‘n besluit oor die status van die groep.
2. Indien besluit word dat die Staatmakergroep aktief is, moet die betrokke groep ingelig word van die voorstel, ondersoek en besluit geneem.
3. Indien besluit word dat ‘n Staatmakergroep onaktief is word die volgende prosedure gevolg:
   3.1. ‘n Vergadering word belê met die betrokke groep. Een of meer verteenwoordigers van die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers moet die vergadering bywoon.
   3.2. Die voorstel, ondersoek en besluit van die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers moet met die groep bespreek word.
   3.3. Aksieplanne vir die opleiding en heraktivering van die groep moet genotuleer word. ‘n Tydsbeperking moet aan die onaktiewe status gekoppel word. Verslaglewering oor vordering moet op ‘n maandelikse basis aan die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers gelewer word.
   3.4. Na die tydsduur, soos bepaal, moet die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers weer besluit oor die status van die groep.
   3.5. Indien die groep steeds as onaktief geklassifiseer word die groep ontbind.

4. Ontbinding
   4.1. Die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers stel die Gebiedskomitee: Staatmakers en alle lede van die betrokke Staatmakergroep in kennis van die ontbinding van die groep.
   4.2. Enige Staatmaker mag appèl aanteken teen die voorgestelde ontbinding.
   4.3. Die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers sal die appèl oorweeg en uitspraak lewer.
   4.4. By ontbinding van ‘n groep geld die bepalings van Reglement hoofstuk 14, artikel 2.4 tot 2.8, met dien verstande dat die ‘gebiedsdagbestuur’ die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers bedoel.